
# 444 Stil verdwyn die daglig




Skenk aan ons, vermoeides, sagte, soete rus;
laat ons rustig sluimer, van u sorg bewus!
Laat in donker ure, Heer, u eng’leskaar,
met gespreide vleuels ons getrou bewaar!

> Gee aan kleine kinders, drome, Heer, vol vree,
> en deel u beskerming aan hul siele mee!
> Troos die swaar beproefdes, wat die nag deur waak;
> en laat Satans planne tog verydel raak!

As die môre aanlig, mag ek dan ontwaak,
rein en sterk en yw’rig vir my aardse taak!
Aan u Naam, o Vader, Seun en Gees in een,
bring ons bly ons hulde deur die eeue heen!

Onbekend F.W. Blunt (1839-1921)